# BEZ BEZUIDENHOUT

**Datum:** **16 Desember 2010**
**Plek:** **SA Agulhas**
**Vraagsteller (V):** **Lize-Marie van der Watt | Departement Geskeidenis | Universiteit Stellenbosch**
**Antwoordsteller (A):** **Bez Bezuidenhout | Diesel Werktuigkundige; Elektroniese Ingenieur; SANAP Ondersteuningpersoneel | SANAE 36; 37 | 1997-1999; 2000 -**

**V:** Hierdie is 'n mondelingse geskiedenis onderhoud met Bez Bezuidenhout. Dis 16 Desember 2010 en ons is êrens in die Suidelike See. Ek skat ons is nou hier by 60 grade omtrent...

**A:** Ja.

**V:** OK. Nou die eerste vraag is, hoe het dit gekom dat jy die eerste keer Antarktika toe is?

**A:** Kyk, hulle het daai tyd, in die weermag het hulle seine uitgestuur wat jy op kan reageer om aansoek te doen. En ek het aansoek gedoen en ons het gegaan saam met Klein Koos, ek dink Koos was in die Kaap, ek was in Pretoria. Ons het mekaar in Pretoria ontmoet. En ons het die onderhoude geslaag. En toe het ons nog ook 'n toets afgelê, 'n meganiese toets afgelê. Seker 'n goeie uur, twee ure toets wat ons moes aflê. Ons was baie ouens, ons was hier by die twintig ouens. En op die ou end van die dag is daar van daai mense is daar sestien gekies. So, toe is ek baie gelukkig, toe is ek nou een van daai ouens. En...

**V:** Sestien gekies om te help met die konstruksie of om waarmee te help?

**A:** Met die rywerk. Met die logistiek. Al die boumateriaal. Al die boumateriaal, al die kos, al die diesel, al daai goeters. Dit was vier Challengers gewees wat splinternuut oorgegaan het en hulle het om die klok 24 uur gery, letterlik. So, 'n span wat deurry. Dan kom daai selfde span terug. Dan vat 'n nuwe span oor. En daai goed was omtrent nooit afgesit nie.

**V:** En dit was spesifiek gewees vir die konstruksie?

**A:** Dis spesifiek vir die konstruksie gewees. In daai tyd was net A-blok, die top gedeelte, klaar. En dan natuurlik die staal konstruksie...nie eers die hele staal konstruksie van B en C en die helipad wat darem daar gestaan het. Toe moes hulle nog... Toe het hulle begin met dit, '95-'96 *take-over*. Wel, toe hou ek van die ys. Dis lang ure se werk, hard, koud, moeilik gewees. En ek het van dit gehou. Toe besluit ek "Wel, ek gaan...ek gaan vra of ek kan oorwinter."

**V:** En toe het jy aangebly op die ys? Of het jy eers teruggekom?

**A:** Nee, ek het eers teruggekom, met 'n helse baard en lang hare, want daai *take-overs* was lank gewees. Want ons het die 1ste November getrek uit die Kaap uit met die Outeniqua en die Agulhas wat saam gery het.

**V:** Het hulle so agtermekaar gery?

**A:** Agtermekaar gery, ja. Ons was die hele tyd saam op die see gewees. Want die Outeniqua sou vir ons die ys breek en dan volg ons. Maar dit was ook nie so baie suksesvol gewees nie, want die ys was baie dik op daai stadium. En selfs die Outeniqua wat 'n Russiese ysbreker is, het baie gesukkel en waar ons mekaar amper gestamp het, jy weet. So...

**V:** Ja, ek verstaan julle het op 'n kol amper mekaar gestamp.

**A:** En toe sit die Outeniqua ook vas, en die ys wat eintlik agter die Outeniqua weer terugkom blokkeer die Agulhas so dat hy nie eers deur dit kan kom nie. En toe sit die Outeniqua ook vas en toe het ons mekaar amper gestamp. Ek was op daai stadium heel bo op die brug. Maar dit was in '96 se *take-over* wat dit gebeur het. '96-'97 wat dit gebeur het. Maar '95-'96 het ons op die 1ste November vertrek, as ek reg kan onthou. En ons was presies 'n maand op die see. Een-en-dertig dae, waar ons gesukkel het om deur te kom.

**V:** OK, so jy is in '95 die eerste keer af...

**A:** Ja.

**V:** ...vir 'n *take-over*. Maar julle het nie 'n span afgelos daai jaar nie?

**A:** Nee, die gebou was nog nie klaar nie.

**V:** Gebou was nog nie klaar nie. En daar het nie 'n span gebly nie?

**A:** Niks.

**V:** In die vorige basis?

**A:** Niks.

**V:** Het julle SANAE III besoek tydens daai *take-over*?

**A:** Ja, SANAE III het ons gehelp om die *commission* skoonmaak binne al die bou goeters uit te haal, generators, alles wat toksies is vir die see, kan jy maar sê. Dit alles uit gehaal. So ons het nog aan dit ook nog gewerk. En daar was spanne gewees wat letterlik op die bhukta gebly het, wat vragte gelaai het, en ook ge-*doze* het en dit reggekry het om onmiddelik weer SANAE toe te ry. Daar was baie werk gewees. Daar was letterlik duisende kratte gewees.

**V:** En moes dit dan terug vervoer Suid-Afrika toe?

**A:** Daai kratte, nee, daai kratte is SANAE toe. Met al die boumateriaal op. Al die staalkonstruksie en al daai goeters. En so is dit maar stuk-stuk aangery soontoe. En selfs in die tyd wat ge-oorwinter het, '96 wat my...'96 tot Maart '98 het ons...was die gebou ook nog nie klaar gewees nie. Hy was nie eers halfpad klaar gewees nie. Hulle het hom daai jaar klaargemaak, en hom nog met twee weke verleng. Die skip het eers middel Maart teruggekom huis toe. En toe is dit al bitter koud.

**V:** Ek kan dink.

**A:** So ons was eintlik op hitte kole want ons was nie seker of ons gaan oorwinter of... Toe is ons baie gelukkig dat ons toe kon oorwinter.

**V:** OK. Toe is jy terug na Antarktika toe en het hulle toe vir julle *team training* ook gegee, voor jy saam is met daai span?

**A:** Ja. Kyk ek is... Ons span het *team training* gekry en soos ons dokter was byvoorbeeld nie daar gewees nie. Sy het eers in die middel... Want daar was drie vaarte gewees, in '97 se take-over gewees, '96-'97 *take-over*. En dit was die opening van die basis ook gewees. En toe het hulle nog 'n klomp joernaliste ook ingebring. Toe het ons dokter ingekom. Maar sy was nie deel van die *team-training* nie. En wie was nog nie. Daar was nog iemand. Ek kan nie onthou wie was dit nie. Maar ons het 'n bietjie *team-training* gehad. Ons het na die lugmag se chef school toe gegaan. Hulle het ons daar bietjie gaan leer kook. En toe is ons Kaap toe. En daar het ons 'n bergklim

kursus ook gedoen. Ons het 'n fire drill kursus besigheid gedoen, ons het teruggegaan... Toe is ek Kaap toe. In die Kaap het ek van Augustus af gewerk. Ja. Kyk in '95 se *take-over* was 'n baie moeilike *take-over* gewees, want dis die tydperk toe Pierre Venter ook dood is. En ja, dit was ook hard vir ons gewees. Op daai stadium was ons nog op die boot gewees. En van my vriende het afgevlieg om te gaan help om die konstruksie basis op te *start*. En daai *take-over* het ons gedoen. Toe het ek teruggekom '96 met my helse baard en goeters en ek het sleg gelyk. Toe ontmoet ek nou my vrou. En ja, wow. Daai *take-over* van '96 toe besluit ek "Wel, ek wil oorwinter" en toe kom ek om 'n span...

**V:** En toe het jy oorwinter as 'n diesel...?

**A:** As 'n diesel mac, ja.

**V:** En julle span was seker een van die eerste spanne wat daar mense was wat nie 'n militêre agtergrond het nie?

**A:** Ja, daar was 'n hele paar gewees. Daar was 'n hele paar gewees. Omtrent die helfte van die span.

**V:** Het nie militêre agtergrond nie?

**A:** Ja.

**V:** Sou jy sê dat jou militêre agtergrond jou gehelp het?

**A:** Baie, baie.

**V:** In watter manier?

**A:** In die opsig van uithouvermoë. Om net aan te gaan, om nie te gaan lê nie... Want dit was nie maklike *take-overs* gewees nie. Selfs daai *take-over* van '96-'97 was 'n abnormale *take-over*. Dit was nog steeds lang ure se ry gewees, dit was tot laat in die nagte werk. Agtien ure was die ure wat ons gewerk het, jy weet. So... En die volgende oggend moet jy maar net weer opstaan en aangaan. So dit was nie maklik gewees nie. Maar toe ons oorwinter het was dit natuurlik heeltemal 'n ander storie. Want toe is dit vir my soos hemel op die aarde.

**V:** Maar hoe was dit gewees? Want ek bedoel dit moes 'n baie besige *take-over* gewees het, met wetenskaplikes, konstruksie werkers... En toe is al daai besigheid rondom skielik weg. Was dit iets besonders gewees of nie regtig nie?

**A:** Nee, dit was nie so besig gewees nie. Jy... Daar het nog nie so vreeslik aangegaan nie, want dit was basies die reometer wat daar was, die HF radar wat daar was, en Natal Universiteit het ook 'n paar projekkies daar gehad wat nie veel was nie. So daar het nie vreeslik aangegaan wat wetenskap aanbetref nie. So dit was eintlik baie rustig gewees. Tot en met Augustus, wat die HF radar se antenna omgewaai het.

**V:** Ja, en toe?

**A:** En toe het ons beweeg om daai goed te *recover* om weer 'n bietjie data te kon kry. Maar dit was nie suksesvol gewees nie want dit was baie koud gewees en jy kan nie 'n uur werk buite nie. Dan moet 'n ou maar weer inkom.

**V:** Onthou jy met die nuwe basis toe hulle hom oopgemaak het, was daar nogal baie kontroversie gewees oor die kleur? Wat onthou jy daarvan?

**A:** Wel, kyk op daai stadium was dit nog nie so 'n groot issue gewees nie want ons het nog in die ou kleur het ons nog... Maar dit was... Die kleur was... Dit was glad nie politiek-gewys nie. Dit het nie oor die ou Suid-Afrikaanse vlag gegaan nie. Dit is Antarktiese kleure gewees. Die Duitsers se gebou lyk ook so. Die meeste van die geboue, Halley is ook oranje, dit is die tipe kleur. Maar nou ja, dit het ons nie vreeslik gepla nie, en dit het my nie rêrig gepla nie. En ons het die jaar daarop, of twee of drie jaar later toe het hulle begin die gebou weer oranje verf...

**V:** Moet hulle dit maar elke jaar verf?

**A:** Nee, dit is 'n baie goeie Kanadese verf wat hulle gekry het, as ek reg kan onthou. En hy is nog nie weer geverf nie. So dit is nou al 'n hele klompie jare.

**V:** En van daai *dignitaries* wat gekom het met die opening. Was jy by gewees?

**A:** Ja, nee. Ek was daar gewees. Daar was baie storietjies daar gewees. Want kyk, daar was 'n joernalis van Beeld en Rapport en daar was 'n hele klomp mense gewees. En Bertus se spandrywer was 'n reccie gewees. Hy het van... Die ou het van Langebaan af gekom. En daai dag was daar baie groot opwinding gewees. Die manne het begin *dress to kill* en die mooiste klere wat jy kon kry het jy probeer aantrek. En dit was bewolk gewees en mistig, soos nou. En die wind het 'n bietjie gewaai. Dit was glad nie goeie kondisies gewees nie. Maar daar was baie verrigtinge wat aan die gang was. En ek kan onthou dat ou Stringer was vreeslik oor die klomp *girls* wat gekom het, van die joernaliste, want daar was 'n paar mooi bokkies gewees. En hy het toe nou aangebied hy wil hulle met die Challenger opvat gebou toe. En bo by die gebou was 'n skido wat geparkeer was. En hy het nie die skido gesien nie. Toe ry hy bo-oor die skido met die Challenger. En wat ons ook nie geweet het nie, die direkteur van omgewingsake daai tyd...

**V:** Stephan Grove, dink ek.

**A:** Nee, dit was Dirk van Schalkwyk gewees. Hy was bo-op die balkon gewees, wat hy gestaan en kyk het...of die meeste van daai ouens, die groot base, het buite gestaan toe dit gebeur het. En Stringer was... Onbewustelik het hy nie geweet nie. So hy het hierdie girls afgelaai en hy kon maar net weer terugry. Maar toe kom Willem van der Merwe. Dit was nou... Die ou was oor ons meganiese span gewees. Kom hy daar aangehardloop. Ons het in die konstruksiebasis gebly. En ons konstruksie se gedeelte was 'n aangeboude gedeelte wat aan die konstruksie aangesluit het. En hy was in die squatter kamp gewees, die goed het letterlik na mekaar gekyk en dan was daar hout bo-oor gesit. So ons het oor en weer gekuier. Kom ou Willem daar aangejaag. "Bez, Bez, asseblief kom help. Julle ouens moet almal kom help. Ons moet daai skido nou gaan optel voordat Dirk hom sien." Meantime het hy hom lankal gesien.

**V:** Toe moes julle uit in julle koue klere?

**A:** Nee ons is nou net ge*dress* man! Ons wil nie nou weer ons bootse en klere en goed aantrek nie. Toe gaan ons nou gou-gou en ons is vies oor die storie.

**V:** Ja, ek kan dink.

**A:** Daai *bleddie* skido gaan optel. Ons het hom doer in die vlaktes gaan bêre. Nie een van ons weet wat dit is nie.

**V:** Was die skido nog *useful* daarna?

**A:** Nee, jissie. Hy was uitmekaar uit, hy is platgetrap. Heeltemal uitmekaar uit. Maar ja, toe het ons

nou 'n lekker opening gehad, kan jy maar sê. Dit was baie *nice* gewees, hulle het baie kos en goed... Ja wel, toe het ons nou... Ek kan onthou as gevolg van daai insident, was daar alkohol betrokke met daai Challenger wat die skido getrap het. En Stringer is onmiddellik skip toe gestuur, onmiddellik. En die ou het toe nou skip toe gekom. En met daai opening, want kyk, hulle weet presies hoeveel alkohol jy bring. En ek het tien kaste brandewyn gebring. Maar, KWV... Daai tyd kon jy nie KWV op die rakke in Suid-Afrika kry nie.

**V:** Rêrig?

**A:** Ja, jy kon glad nie KWV se produkte op die rakke kry nie, behalwe 10-jaar, kon jy. Maar hulle "3" en hulle "5", en dan het hulle VSOP gehad, 'n 8-jaar. En dan het jy 10-jaar gekry, ook 'n VSOP, maar hy was 10-jaar gemerk. Die ander een was nie 10-jaar gemerk nie, maar dit was 'n baie gesogte brandewyn gewees. En dan "15" en dan "20". Toe het ek nou al die goed gekoop. En van al daai kaste, jy sal my nie glo nie, ek het een bottel oop gemaak wat ek in kos wou gooi en dit was dit gewees. Ek het nie... Ek drink nie. Het eintlik nie gedrink nie. En al daai goed het net so saam met my huistoe gekom.

**V:** Het jy dit verkoop?

**A:** Ek het dit oopgemaak in stelle en dit verkoop en toe het ek nou nog net vir my nou nog self so 'n stelletjie uitgehou. Maar wat nou nice is hulle "15" en hulle "10", "20"-jaar bottel was daai ou van PWD wat vir my hierdie Antarktiese... Daai wapen wat op jou baadjie is, daai een het hy vir my gegraveer op die bottel agter. Net soos wat daai ding daar is. En hy het vir my die hele span, ons span se name op daai bottel gesit. Jissie, dit was baie *nice* gewees. En ek kan onthou, toe ons ons medaljes kry, want ons het medaljes ook gekry op daai *trip*. En toe sê ou Dirk, toe ek myne gaan haal het, ek moet matigheid voor oë hou. Want hy het natuurlik gesien hoeveel drank het ek. Maar ek het nie eers 'n bottel opgedrink nie, ek het nie eers geproe hoe proe dit nie.

**V:** Het jy nog daai bottel?

**A:** Ag ek het nog my hele...

**V:** Mooi op 'n rak in die kroeg of wat?

**A:** Ek het 'n olienhout stomp wat so dik is wat uit die Stormsrivier uitkom. Olienhout is van jou skaarste en duurste hout wat jy kan kry. En ek het so 'n stomp wat hoog is, seker so twee meter plus. En dan het ek laat gate inboor en dan het ek nou dit dan ingesit. Dit lyk baie mooi, ja.

**V:** OK, so wanneer is julle span alleen gelos?

**A:** Middel Maart.

**V:** Eers middel Maart?

**A:** Middel Maart, '97. Wel, toe ons ons nou maar...

**V:** Maar toe is die basis seker nou nog nie klaar nie?

**A:** Nee, hy is nog nie eers klaar gewees nie. B-blok, onder by die kombuis was daar nie eers tapyt gewees nie, byvoorbeeld. B-blok bo was glad nie slaapkamers nie. Daar was net 'n oop vloer gewees en 'n dop. Daar was baie boumateriaal en goed wat daai hele plek vol gelê het. C-blok was daar niks gewees nie behalwe die generators. En hulle boontste vloer was eintlik 'n *workshop* gewees. So daar het hulle nog ge-*grind* en gesny en dit is alles net so gelos...

**V:** Toe julle moes deur die jaar toe maar daar regmaak...?

**A:** Nee, kyk dit is... Ons het daar skoongemaak so ver soos wat 'n ou kan en dan het ons natuurlik die gebou se *maintenance* gehad wat ons moes gedoen het. Want ons het alles *manual* gedoen. Dit was nie soos nou met *fancy* knoppies en goeters en alles outomaties nie. Jy moet fisies moet jy daar wees die hele tyd en dinge dophou. Maar dit was nie so erg gewees nie. Inteendeel het dit ons besig gehou, jy weet. So dit was eintlik baie lekker gewees. En daar was ook nie insulasies gewees in C-blok gewees nie. Ons het byvoorbeeld voor deure... In die... *Links* is daar dubbel deure. In B-blok was daar nie dubbel deure nie. Ons moes matrasse voor die deure pak om die koue uit te hou. Want toe begin die *sewrage plant* se pomp wat die water... Toilet water uitvoer vries en sulke goeters, en dan bars die pype...

**V:** O hel!

**A:** En dit is 'n gemors, erg hoor. En ek is nie 'n ou gebou vir daai tipe goeters nie. Ek meen my kind is nou al twee jaar en ek het nog nie 'n doek skoongemaak nie [Lag] Ek kan nie...

**V:** So die span is eers weg in Maart... Ag die *take-over* span. Wanneer het hulle weer gekom?

**A:** Hulle het daai jaar 'n vlug gehad wat ingekom het, 'n vroeër vlug want ek dink, ek kan nie onthou nie, ek dink klein Koos was op daai vlug gewees. En daar was 'n hele klompie van PWD mense gewees, 'n vooraf span wat hulle gestuur het wat moes help om dan nou... Omdat die gebou nogsteeds nie klaar was nie was daai ook nog 'n abnormale *take-over* gewees. En hulle moes B-blok gaan klaar maak bo. Wat hulle toe reggekry het. Want toe die skip kom, toe kon meeste van die mense intrek in B-blok. Soos in kant en klaar ja. Hulle het nogal, daai spannetjie het nogal geroer, hoor.

**V:** En die konstruksie basis. Wat ek nie verstaan nie is, daar word heeltyd gesê maar die konstruksie werkers het in die konstruksie basis gebly. Maar wanneer is die konstruksie basis gebou?

**A:** Kyk, die konstruksie basis was net bloot 6 m *containers* wat hulle ingerig het in slaapkamers.

**V:** O so...

**A:** Basies jy het die grootte van hiersô, dan het hulle net nog 'n stel bed hierdie kant, twee, vier bedjies, daar het vier ouens daarin geslaap. En soos in my jaar wat ek nou oorwinter het van daai '97 toe ons wag vir ons dokter, toe slaap ons dokter, toe is ons vyf. Toe slaap sy saam met ons, ek, Bert Wilson en Pieter Swanevelder en Hein, dit was nie Hein nie dit was Etienne gewees dink ek, geslaap... Toe is ons vyf in ons container gewees.

**V:** So julle kon ook maar net-net intrek in die basis in?

**A:** Ja, ons het eintlik... Ons het gedink ons gaan nie oorwinter nie. Maar hulle het dit reggekry dat ons... Want toe was die hele... Daar was nog baie bouwerk gewees. En skoonmaak en baie goed wat hier moet terugkom wat afvalmateriale en daai klas van goed is. Daar was nog steeds 'n baie groot proses gewees.

**V:** Dit was 'n tyd in Suid-Afrika wat daar rêrig baie politieke veranderinge was in Suid-Afrika self. Het julle... In hoe 'n mate was julle bewus daarvan op die ys?

**A:** Baie min, want ons het nooit nuus gekry nie. Jy het net vyf minute bel tyd gekry en in daai vyf minute was jy nie gepla oor politiek of die hond kleintjies gekry het en sulke goed nie. Jy wil net met jou vrou of met jou girl praat en dit was al wat vir my belangrik was.

**V:** En het dit enigsins weerspieël in die span? Het julle 'n swart persoon gehad op die span?

**A:** Baie, baie. Daar was 'n hele klomp van hulle gewees. En nee, daar was glad nie probleme gewees wat ek van kan onthou nie. Dit was... Wel, ons spanleier, David Frank, het lyk my in die begin so 'n bietjie van 'n *issue* daarmee gehad het. Hoekom is net swart mense in *containers,* jy weet. Maar, dit was bloot omdat hulle vriende was en dit was nie politieke gewys omdat hulle swart en ons wit was nie. Daar was baie van die kleurlinge wat in blankes *containers* opgedeel was en wat almal vriende met mekaar was, jy weet. So daar was nie 'n *issue* gewees vir ons nie.

**V:** Julle het almal hard gewerk...

**A:** Ja, nee. En op die ou end het David homself ingedeel omdat hy nou 'n probleem gehad het, jy weet. Maar daar was nie so iets probleme nie.

**V:** Julle span self? Die oorwinteringspan. Hoeveel kulture was daar nou gewees? Baie, of was dit maar oorwegend Afrikaans?

**A:** Nee, dit was omtrent 50-50 gewees, sal ek sê. Want Dave Frank kon by goed Engels... Hy is 'n Jood, hy kon baie goed Engels EN Afrikaans praat. Amy Rowse was 'n Engelse dokter gewees, sy het nie daarvan gehou om Afrikaans te praat nie. En Andre Larisma was Engels gewees. Wie was die res? Ja, en die res van ons was darem nou Afrikaans gewees. Maar, nee, daar was glad nie... Ons het nie eintlik probleme gehad nie, wat dit aan betref nie.

**V:** Nou, dag tot dag, wat was die werk gewees toe dit nou net julle span oor was? Wat het jy... As jy opgestaan het in die oggende...

**A:** Wel, kyk in die... By ons was dit nogal snaaks gewees. Want Etienne was 'n elektriese inginieur. Hy het sy nag en dag omgeruil. Wanneer ons gaan slaap, het hy opgestaan. En so was dit gewees, jy weet. En so... Ag en jy het maar... Die wetenskaplikes was 90% van die tyd voor hulle rekenaars maar gewees tot watter tyd in die môre, want die ding was redelik in die beginfases, jy weet. So hulle het baie tyd voor hulle rekenaars en hulle eksperimente gespandeer. Maar tussen ons diesel mac en ons meganiese ingenieur was daar 'n baie goeie verstandhouding gewees. En ons het bloot in die oggend opgestaan. Jy het maar jou taak begin in die *generator room* en begin temperature kyk en lesings vat en daai klas van goed. Alhoewel, deur die nag, omdat Etienne baie wakker was het hy self baie in die nag gaan loer en kyk dan. Maar wat ons span aan betref, was daar... Dave Frank was natuurlik 'n Jood. Andre, ag... Ek, Bert Wilson, Pieter Swanevelder was in dieselfde kerkverband gewees. En Andre Larisma, Amy, hulle was in ander kerkverbande. So nie een van ons... Daar was omtrent net drie wat in dieselfde kerkverband was. En daar was dit ook net in susterskerke gewees, dit was nie elkeen in dieselfde kerk nie. So jy kan eintlik op die ou end se niemand was in dieselfde kerk nie. So dit was, sal ek nie sê... Dit was glad nie 'n probleem gewees nie. En dan was daar nog 'n ander ding gewees dat daar 'n groot politieke verskil tussen ons was. Want ek en Paul van Staden en ons ander diesel mac, ons drie was die enigste drie wat in die tyd van die weermag, in die ou apartheid stelsel gewees het. Maar nie dat dit 'n probleem was nie. Dit was net dat Andre, Frank en wie was die ander persoon? Daar was nog een ander persoon gewees. Hulle was in een politieke geloof gewees. En dan was daar natuurlik ander ouens gewees. En dan was Etienne, ons elektriese ingenieur, hy het nogals Buddha-neigings gehad. So...

**V:** So julle kon eintlik nogal baie van mekaar leer, kan 'n mens sê?

**A:** Ja, wel daar was regtig nie politiek en *issues* tussen ons gewees nie. Ek weet ons meganiese

ingenieur, Paul van Staden en Dave Frank het so bietjie koppe gestamp. En so erg dat hulle nie eers saam geëet het nie. Paul het baie min saam met ons aan tafel gesit en eet. Wat presies die *issue* daar was, weet ek nie rêrig nie. En selfs met ons mid-winter partytjie wat ons gehou het, was Paul ook nie deel van dit gewees nie, as gevolg van wat tussen hom en Dave... Maar nou ja, dit was die enigste wat daar regtig bietjie spanning was. Maar andersins het ons almal baiegoed oor die weg gekom.

**V:** Hoe gereeld kon julle buite werk?

**A:** Baie. My werk het meestal buite bestaan om te werk, veral tot en met... Omdat die konstruksie fase nie klaar was nie, het die ouens letterlik... Hulle was nog besig om aan die gebou te weld byvoorbeeld. Daar was mense besig met voertuie en krane en al sulke goeters. Die ouens het nog met skidos gery en toe daai laaste *chopper* inkom, toe... Van die skidos het nog ge-*idle*, die voertuie het nog ge-*idle*. En die ou wat laaste ge-weld het het sy *welding* net so neer gegooi en helikopter toe...

**V:** Werklik?

**A:** Ja. Ek het gegaan, ek het gaan orals rond en bont het ek gaan skidos gaan afsit. En ek moes hulle nog gaan oplaai en *depot*. En ek moes nog voertuie gaan haal, hulle staan nog en *idle*. En die krane sommer net so...

**V:** Dis amper asof aliens gekom het en hulle weggevat het...

**A:** Ja, hulle het letterlik net... Want toe daai chopper inkom, toe hol hulle vir daai *chopper*. Kyk, toe is hulle nou moeg. Want dit was al middel Maart gewees.

**V:** Ja nee, hulle het nie beplan om so lank van die huis weg te wees nie.

**A:** Toe het ek lank buite gewerk om eers, kan jy maar sê, die *site* skoon te maak, die jaart skoon te maak en alles te *depot*. Alles moet bo-op hope getrek word. Dit is 'n stadige proses want ek was vinger alleen wat dit gedoen het. Ja, en in die nagtelike ure kan ek sê was dit maar 'n bietjie koel en dan het 'n ou nie iets uit buite gedoen nie. En in die winter het ons niks soos in niks buite gaan doen nie behalwe om water te gaan maak en 'n voertuig op te start. Want dan is dit donker, dit is -35, -40. En dan om water te gaan maak, het ons, dit was die enigste hardste werk en moeilikste werk gewees. En dit is so koud dat jy kan nie die voertuig net op *start* nie. Jy het 'n proses wat jy moet volg om die enjin in werkende temperatuur te kry. En dit was nie maklik gewees nie. Want jy het, hulle noem dit 'n propaan *burner* gehad wat 'n vlam gooi wat jy binne 'n boiler druk. En om daai ding aangesteek te kry in so 'n koue... Hy vat nie onmiddellik nie. En dan is daar nog 90% van die tyd het die wind gewaai. So dit was eintlik 'n lang proses gewees net om die voertuig aan die gang te kry. Nou gaan dit al beter, want hulle het nou 'n dingetjie wat hulle noem 'n Webasto *heater*, dis 'n Duitse produk. En hy word... Hy is in die voertuig se waterstelsel ingebou. As jy bloot net 'n knoppie druk, dan *start* hy op. Want die koue dreineer die batterye se krag ook, en dit is nog 'n bietjie van 'n probleem. Maar andersins werk dit baie goed.

**V:** Nou wat is die groot uitdagings daarvan om buite te werk in Antarktika?

**A:** Wel, kyk dit hang af watter tyd in die jaar. Niks is maklik nie. Een ding wat ek geleer het van Antarktika is niks is maklik nie. Jy doen alles met moeite. En jy sweet nogal 'n bietjie. En dit is goed wat moes gedoen word. Want jy kan nie dit los vir môre nie, want môre kom daar 'n storm, en dan is dit toe en weg en jy sien dit nie weer nie. Dit is nogal 'n ding wat 'n ou eintlik moet doen. En dit

is waar my militêre agtergrond wat ek het en dit wat ek in die militêr deurgegaan het, jy kan maar praat van *suffering* en daai klas van goed, is die tipe goed maar eintlik deel... Was dit nie vir my so verskriklik gewees nie. Inteendeel, dit was eintlik vir my lekker gewees.

**V:** Wat maak werk in Antarktika die moeite werd dan?

**A:** Baie. Eerstens, dit is 'n ongelooflike plek net om te beleef. Nie net in koue nie, maar daar is ander goeters soos die sonkringe wat jy kry... In ons jaar het ons 'n volledige sonkring gekry wat die son en dan met 'n reënboog om die son. Dan maak hy 'n V op twaalf-uur, presies op drie-uur, presies op ses-uur, presies op nege-uur. Met 'n tweede sonkring reënboog wat om daai ander sonkring is. En dit is nog nooit weer aangeteken nie. En dit het in ons jaar plaasgevind, wat Paul van Staden wat die enigste ou was wat 'n 20 mm Pentax K1000 lens gehad het wat dit kon afneem. En ek het so 'n skyfie, ongelooflik, wat hy vir my gegee het, want ons het bietjie goed uitgeruil. Dit het ek gesien. Ek het sonvingers gesien. Dit is 'n reënboog wat vertikaal staan met 'n V so. Hy verskyn net in bloot... Dis nie dat daar wolke is nie, die ding verskyn maar net in die horison...

**V:** Die hand van God gewees...

**A:** Ja. En natuurlik, die auroras. Dit was my, ook my hoogtepunt. Vir die meeste van die ouens wat oorwinter is maar die auroras dit. Ons het baie goeie auroras gehad in ons tyd, sou ek sê.

**V:** Kon julle buitentoe gaan met die auroras?

**A:** Ja, baie baie. En die probleem van ons was daar was nog nie hierdie digitale kameras en goed gewees nie. Jy moes nog met filmpies geneem het. En... Soos ek wat met skyfies geneem het, 90% neem jy met skyfies. En die ASA wat jy kies moes 'n 400 na 'n 800 ASA gewees om daai ding te kon afneem, want jou *shutter*spoed op jou kamera, hy laat jou net toe tussen sê maar 3 en 10 sekondes laat hy jou toe om af te neem. Tien is eintlik alreeds te veel, want dan begin hy alreeds van kleure verander en bewegings en sulke goeters. En dit was bitter koud gewees. Dit was... Die temperatuur het gedraai tussen 38 en minus 40 in die nag.so jy weet, en dan het die wind die meeste van die tyd gewaai ook, jy weet. Dit was koud. En dan het ek gewigte gaan uithaal van die *gym*. En dan daai gewigte op my *tripod* gesit om hom vas te druk teen die ys. En dan het jy letterlik gelê tussen die klippe daar, want ek het 'n plek gehad waar ek altyd lief was om te gaan lê om vir die wind weg te kruip. En dan hou ek nou maar my kamera hier onder. En as ek sien hierdie ding gaan nou van so 'n aard wees dat jy nou... Dan het ek my ding opgestel en hom afgeneem. Ek het baie geëksperimenteer. En dan as ek nou met dit klaar is, dan het ek ingegaan. Dan kan ek nie wag om daai ding te ontwikkel nie, want ons het ons *lab* gehad waar jy dit self kon ontwikkel. En so het ek my skyfies maar aangepas. Ek het baie goeie skyfies van dit, ja.

**V:** Wat het julle gedoen vir ontspanning?

**A:** Wel kyk...

**V:** Het julle tyd gehad vir ontspanning?

**A:** Ja, daar is eintlik meer as genoeg tyd vir ontspanning gewees. Ons was net nie... Gehad soos dit is nou nie. Die ouens het... Ons *gym* was byvoorbeeld waar die *games room* nou is was die *gym* gewees. Daar het 'n paar *gym* instrumente, masjiene en goed gestaan wat ons gebruik het. So daar was nie 'n *games room* nie. Ons het maar bietjie gebruik gemaak van die kroeg. Daar was baie rooiwyn wat boere vir ons geskenk het wat ons van gebruik gemaak het. Ek het natuurlik nou nie... Ek is nie 'n ou vir alkohol nie. Ek sal 'n bier drink, een of twee biere drink. Maar ek is nie

vreeslik lief vir wyn... Maar wat ek wel agtergekom het is ek was besig om uit te mis op daai rooiwyn. Daar het ek geleer rooiwyn drink. En jis, laat ek vir jou sê, ek is lief vir rooiwyn. Van daai tyd af...

**V:** Het julle videos gekry by die departement?

**A:** Baie. Ons het van die SAUK baie videos gekry. Daai tyd was daar mos nie DVD's gewees nie. Maar daar was onsettend baie videos gewees. So ja, ons het gereeld dit gekyk. Ag en partykeer het ons 'n bietjie, daar was nog nie 'n pool tafel... Nee daar was 'n pool tafel. Die pool tafel het in die kombuis, waar die *lounge* nou is, het die pool tafel gestaan. Ek het nogals daai kompetisie gewen. Want ons het 'n kompetisie gehou en ek weet daar is 'n paar ouens wat dit baie goed kon speel. Ek het myself... Ek was seker so omtrent vierde sou ek my ge-*rate* het, vierde beste in ons span. Maar toe het dinge nou so uitgewerk toe ons beginne uitspeel het dat ek elke keer inbly. Toe ek daai laaste *game* gewen het het ek bottels sjampanje, brandewyn, tjoklits en *sweets* en ek het 'n helse lot goed gewen.

**V:** En het julle soms kontak gehad met ander basisse?

**A:** Kyk, die enigste ouens wat ons bietjie miskien kontak gehad het, ons het nie eintlik kontak gehad het met ander basisse nie, want dit was nou 'n nuwe ding vir ons gewees. Die enigste wat ons miskien mee in kontak was, ek kan nie presies onthou nie, was miskien die Duitsers gewees. Maar nie wat ek van weet nie, nee.

**V:** Mid-winter? Het julle...?

**A:** Ons het 'n lekker partytjie gehou mid-winter. Dit was nogal baie *nice* gewees. *Dressed to kill*. En toe het ek my skoene by die huis vergeet, ek het nie skoene gehad nie. Ek en ou Bert Wilson, ons was baie groot vriende, tot vandag toe nog. Hy het ook nie skoene gehad nie en ons altwee het Rocky plakkies gehad. So ek het mooi skyfies met my *suit* en alles en hierdie plakkies [lag]. Ja...

**V:** Was julle 'n bietjie buite gewees met mid-winter? Of was dit...?

**A:** Nee, dit was te koud. Ons was binne gewees. Ons het lekker geëet en lekker gekuier. En ja, die... Ons was bittermin in die winter eintlik buite gewees. Dit was regtig koud. Ek het gaan stap. Ek het in die nag gaan stap, wat mense nie eers... Ek sê net vir een of twee ouens "hoor hier, ek gaan nou af depot toe" byvoorbeeld. Dan stap ek letterlik in die nag af en dan loop ek tussen die klippe en die goed rond. En mense het nie eintlik geweet, sou ek iets oorgekom het sou mense nie eers geweet het nie. En dan lê ek tussen daai klippe en goeters en ek lê op die rotse... Daar is 'n paar plekke wat jy nou in die winter goeters... Daar is letterlik baie mooi aande gewees. Veral doer onder by die HF radar. Daar het ek op die klippe gaan lê en dan kyk jy vir die auroras en goeters. Ja, dit was *unbelievable* gewees. En daai klippe raak so koud, jy sal sien ook as jy daar kom, van die klippe is baie gebars. Nou wat gebeur is, is dat die... deur die dag as die son partykeer skyn, dan smelt van die water tussen... Dan gaan dit tussen die skeure in die klippe in. En dan bars dit. Dit klink letterlik soos 'n geweerskoot wat afgaan. So jy skrik nogals as dit...

**V:** Nogal!

**A:** Ja.

**V:** Ek verstaan Antarktika, as dit nou donker is, dit is nie donker soos ons donker ken nie. Dis 'n ander soort donker.

**A:** Kyk, ek het skyfies, dit is donker. Dit is... In die oggendure wat die son sou geskyn het is daar 'n skynsel, in die horison. En dan hier by vanaand se kant is dit donker. Ek het baie mooi skyfies van die donker waar ek die smelly gooi en waar die ys te hard is, dit kan nie uitkom nie. Dan slaan ek dit met 'n pik en ek probeer enige *tricks*. En dan het ek nou my kamera gehad, dan sit ek dit op 'n klont ys neer. Dan sit ek die *self-timer* aan en dan *pose* ek nou vir myself. Dit was baie *nice* gewees.

**V:** Hoe gereeld kon julle as oorwinteringspan die huis kontak? Het julle eposse geskryf...?

**A:** Elke dag. Baie.

**V:** E-posse? Kon julle al eposse skryf?

**A:** Baie. Ja, nee. Hulle het rekenaar verbindings gehad. En...

**V:** Kon julle bel elke dag?

**A:** Baie. Elke dag gebel. Dit was 'n lokale Pretoria oproep wat jy betaal het. En wat ook die departement betaal het eintlik. En ek het my vrou nou, my meisie daai tyd, elke dag 'n uur gebel. So ons het 'n... Ek kon nie wag om klaar te eet net om 'n sekere tyd haar te bel wanneer sy van die werk af kom.

**V:** Nou waaroor het julle dan gesels?

**A:** Kyk, ek is nie 'n ou wat oor die telefoon... Ek is nie 'n ou vir 'n rekenaar nie. Ek hou daarvan om te praat en na 'n persoon se stem te luister. E-posse is nie vir my nie. Ek voel dit is eintlik baie onpersoonlik. Tensy jy nou regtig besigheidsgewys gebruik maak van dit is dit 'n ander saak. Maar ja, ek het nie gedink... Ek kon nie 'n minuut op die telefoon praat nie, dan weet ek nie wat om te sê nie. Maar daai tyd was ek verlief gewees. En jis, jy kon nie glo nie, as jy weer sien was die uur verby. So, ja dit was *unbelievable* gewees. Kyk ek het mos daai jaar wat ek teruggegaan het in '95-'96 het my vrou my ma-hulle se werk 'n *Action Cricket* aand gehad en sy moes 'n *partner* kry. Toe vra sy vir my of ek dalk sou belangstel. Sy het geweet van my maar sy het nie geweet hoe lyk ek nie. Toe het sy gesê sy sal by my hoor. Die eerste ding wat ek vir my ma vra is "Hoe lyk sy?" Want ek het 'n ding teen vet vrouens. Ek kan nie 'n vrou... Omdat ek laat in my jare was, het hulle altyd met my gespot en gesê ek gaan 'n vet vrou met kindjies kry. En dit het my baie gepla. Kyk, ek het nie ooghare vir 'n vrou wat bietjie kwaai oorgewig is nie. En eerste wat ek vra "Hoe lyk sy?" wys my ma so. Toe sê ek "Dis reg, sê vir haar ek sal maar saamgaan." Maar my suster het in Pietersburg gebly. Dis ook nie my eie ma nie, ek is grootgemaak deur 'n ander tannie. En hulle wou my graag sien voordat ek my baard afskeur. Toe is ek nou half gedwing om my baard nog bietjie te dra, my lang hare. Regtig sleg gelyk. En ek het saam met haar gaan *Action Cricket* speel daai aand...

**V:** Met die lang baard en die hare...

**A:** Ek het haar ma ge-ontmoet en ek het... weet jy ek kon nie eers... Kyk, ek was maar 'n skaam outjie op my tyd gewees. Ek het so gebewe dat ek gooi die suiker mis in die koppie. Dit is hier oor die rand en op die tafel. Maar Okay, ons het mekaar ontmoet en dinge het net vir ons gewerk om daai jaar baie by mekaar gekuier en gaan fliek en al die dinge en ons is regtig maatjies gewees. En tot en met '96 gekom het laat dit nou tyd is dat ek moet afgaan Kaap toe. En daai tyd was, dink ek was dit, sê maar Johannesburg Internasionale lughawe dan nou. Toe sê ek vir haar "Kyk, jy moet nou jouself, nie...doen jou ding, jy weet. Moenie oor my...." jy weet. Toe sê sy nee maar sy sal wag vir

my. En op daai oomblik vra ek haar sommer om met my uit te gaan. Toe is ek vir daai sewentien maande, want dit was 'n lang *take-over*, sewentien maande...

**V:** Sewentien maande?!

**A:** Ja, sewentien maande. Dit was lank. Ek was die 1ste November weg en ons het op daai Maart '98 eers huis toe gekom. Dit was 'n lang tyd weg. En daai dag toe ek by die lughawe, ag by die hawe die boot inkom, Paul van Staden, ons meganiese ingenieur, ek en hy was ook baie groot vriende gewees. En hy het ook 'n Portugese meisie wat hy ook in dieselfde tyd ontmoet het , is wat ons het. En presies wat met my gebeur het het eintlik maar met hom ook gebeur. En Tilla het afgevlieg die eerste keer in haar lewe wat sy uitslaap, vanaf 'n kind uitgeslaap het. En haar ma was verskriklik streng gewees en belowe dat... Jy weet. En sy het by Paul se meisie gaan tuis gaan. En hulle het saam lughawe toe gekom met so 'n *banner* wat hulle gehou het vir ons welkom terug.

**V:** Ag pragtig.

**A:** Jis, en... Wel kyk toe sy daar staan toe weet ek dis my vrou. Sy sou nie daar gestaan het, jy weet. En ek het haar in *Cabin 13* gevra om my te trou.

**V:** Kon sy toe nog aanboord kom?

**A:** Toe kon sy nog aanboord kom, ja. Dit was chaos daai tyd, want dis kinders en dis ma's en pa's en oupa's en... Maar ja, en vra om vir my te trou...

**V:** Moes jy eers 'n ring gaan soek?

**A:** Nee, wel, ons het dit nie so breed gehad, want hulle het ook maar swaargetrek en ek myself, jy weet, so... Daai selfde jaar van '98 toe vlieg ek alweer af vir vier maande. En die jaar daarop, toe ek terugkom, toe trou ons eers.

**V:** O so julle was nog 'n hele twee jaar verloof gewees.

**A:** Ja, ja, ja.

**V:** Sy is 'n geduldige mens.

**A:** Ja nee. En ons is nou elf jaar getroud. En ons het tien jaar gewag vir 'n kind. Sy was amper dood gewees met 'n vorige swangerskap wat 'n buis gebars het. En toe vyf jaar later het Thinus gekom. So, jis ons is baie...

**V:** Jy sou seker graag dalk vir Thinus en Tilla Antarktika wys?

**A:** Jis ja. Kyk as daar nou iets is wat ek baie graag wou gehad het was om vir haar ook te kon wys wat ek gedoen het, so ek dink die meeste van ons, die meeste van die mense wat soveel jare gewerk het... Ek weet van PWD en van die mense wat lank in Antarktika betrokke was en met SANAE IV kon hulle vrouens gebring het, toe het hulle so 'n paar vrouens toegelaat. Maar ja, sy sien dit ook maar net in skyfies en as ons vir mense skyfies wys dan neem sy omtrent oor en dan vertel sy die stories. So dit is nogals lekker want sy het belangstelling in wat ek gedoen het.

**V:** In die baie jare dat jy al afgaan SANAE toe, kan jy verandering sien tussen van die soort mense wat afgaan...?

**A:** Baie, baie.

**V:** Soos wat?

**A:** Baie. In die eerste plek was daar nie so baie vroumense gewees wat afgegaan het. En nou deesdae is daar al hoe meer studente wat afgaan wat besig is met hulle grade. Jy sien letterlik, want ek is nou 'n *regular* op die boot. Ek sien van die mense wat besig is met hulle grade en wat dan klaar maak in 'n sekere studie wat hulle volg, sien ek hulle ook gereeld. En dan maak hulle hulle studies klaar, jy weet. So dit is die een opsig. En dan die ander opsig het ek ook baie meer ander kleure mense gesien soos swartes wat ook nou belangstelling toon in die wetenskap. Selfs hulle sien ek ook, en dit is besig ook om toe te neem. So dit is baie...

**V:** En die omgewing van Antarktika? Het dit verander?

**A:** Baie, baie. In die tydperk wat ek gekom het, kyk ek het spesifiek, ek en Koos het die *ramp* gedoen. En die *ramp*, weet jy wat is die *ramp*?

**V:** Verduidelik.

**A:** Die *ramp* is 'n pad wat ons af werk na die skip toe want die wal is te hoog om die swaar *cargo* af te laai. En ons bou letterlik 'n pad af na die skip toe. En dan word dit letterlik in daai *ramp* afgelaai en dan word dit met voertuie uitgesleep. En dit is 'n baie gevaarlike proses want 'n *bulldozer* weeg 25 ton en om met daai *bulldozer* voor-op die rand ys wal te werk is nie 'n maklike ding nie en dit is wat 'n ou geweldig... Ek het 'n spierspasma in my rug waarmee ek nou nog mee sukkel as gevolg van daai spanning wat 'n ou op het. En daai tyd was daar reeds veranderings wat plaasgevind het. Maar dit was nie so erg so nou al nie. Want die oorspronklike SANAE III en die Nood E-basis wat daar gebou was was, toe ons begin het in '95, was oor die 20 kilos die afstand gewees. En ek dink die naaste afstand nou is al vyf kilos weg van daar af. Soos wat die ys afbreek en al hoe nader kom. En wat ek ook ondervind het is dat die ys is so onstabiel dat die *ramp* het twee keer met my ingeval, jy weet. So...

**V:** Het jy dan uitgespring en die Challenger laat val?

**A:** Nee, die bulldozer, wat gebeur het is die ramp was klaar gewees en ons was besig om die skip terug te laai in Februarie. Nou met al die sneeu en al die goeters wat al plaasgevind het en die sneeu het 'n gedeelte van die *ramp* toe gesneeu. En dan is dit my taak gewees om daai ding nou skoon te *doze* dat ons kan aflaai in die *ramp*. Maar nou wat jy... Ek het nie gedink dit sou gebeur nie. Ek het met die *bulldozer* in die ramp ingegaan, ek het 'n vrag sneeu gevat en ek het begin af *doze* ondertoe. En ek het 'n helse groot vrag gehad wat ek voor die *bulldozer* gestoot het. En dit was omtrent letterlik 10m voordat die sneeu al begin het om in die see in te val. Toe breek daai wal reg voor die blade van die *bulldozer* af. En volgens die boot se radar op daai stadium was dit 8 kilos omtrent na regs en 8 kilos na links wat dit so een massa saam geval het. Het dit so stadig gesak...

**V:** *Slow motion*...

**A:** En hy het so 'n tong gemaak wat afgebreek het. Ek moes eintlik geval, maar ek het nie geval nie. Daar was 'n kraak agter die *bulldozer* gewees en ek het letterlik verby die see, die wal, ek kon alles gesien het. En ek het so geskrik. Ek het die *bulldozer* in *reverse* gegooi en hy is baie stadig en die sneeu is baie sag. En omdat hy so swaar is, het hy nie die vermoe om so vinnig... Hy sit eintlik vas. En dan *reverse* jy daar uit. En ja, dit was een van my mees skrikwekkende gevoele wat ek nog ooit beleef het. En wat sou gebeur het, toe ons dit nou bekend maak, toe sê hulle "Nee, dis niks nie." Laat Bez maar net 'n ander *ramp* doze. Jis jy weet, en dit het my nogals gevang, daai storie. Ek is so

bang ek kan in my broek...

**V:** Het jy toe gesê dis reg? Of wat moes jy doen? Maar net *doze*? Of het jy net geweier?

**A:** Ek het soort van geweier. En wat toe gebeur het is die gedeelte van die *ramp* was nog steeds daar gewees. Maar die tong wat moes geval het het eers twee dae later geval. En dit het letterlik... Ek moes eintlik volgens my in die see geval het, maar ek glo God het my lewe gespaar. En toe 'n tweede keer het presies dieselfde met my gebeur. En omdat ek geweet het wat die eerste keer gebeur het, was ek so bang gewees dit was asof ek 'n aanvoeling gehad het dat iets gaan gebeur, jy weet. Ek is te bang dat iets kon gebeur het, dink ek. En nou staan die ouens voor in die bek van die *ramp*, 'n hele klomp drywers. En kommunikeer hulle met die skip met die radio. Ek sit nou met die *bulldozer* hierbo, ek luister die hele gesprek. Maar ek het 'n ding gehad met die skip dat hulle moet stadig inkom, dan stamp hulle die wal. En die skip het dit twee keer gedoen, wat jy dit letterlik as jy bo staan kan jy dit voel. Jy hoor dit. Maar niks het geval nie. Maar nogsteeds was ek bang gewees, want 'n hele helfte van die *ramp* was toegesneeu. En hulle sê toe op die radio "Nee, dis reg Bez, jy kan maar kom *doze*. Die skip het gestamp en dis veilig, jy kan maar kom." En hulle staan voor in die *ramp*, seker so sewe drywers. Toe sê ek "Maar julle moet eers uitkom, dan sal ek met die *bulldozer* inkom." En toe die skip gestaan het was hulle ook in die *ramp* gewees, hulle was darem net 'n bietjie terug gestaan. Maar die kans was daar dat as daai *ramp* geval het dan sou daai mense saam af gegaan het. Jissie, en 'n ou dink ook nie, man. En ek sê "Wel, kom julle uit, ek sal begin *doze*." Dan gaan ek met die *bulldozer* daar in en moet ek soortvan oor 'n wal daar klim wat hy mooi so skuins sneeu. Nou gaan ek so oor daai wal, nou begin ek so "clack-clack-clack-clack" al hoe nader na die punt van die... Bek van die *ramp* toe gaan. Want ek wil juis kyk of daar nie iets gaan gebeur nie. En laat ek vir jou sê, hy het nog so ge-"clack-clack-clack", toe val die hele linkerhoek, toe breek hy so 'n V, 90-grade hoek kan jy maar sê, uit, links. Laat die *bulldozer* eintlik so maak. Jis, ek het geskrik. Ek was so ge-disorienteerd gewees van die skrik, omdat die *bulldozer* so gemaak het...

**V:** Helse spul adrenalien gekry daar.

**A:** Erg. Erg. Hoor wat ek vir jou sê: erg. En ek gooi daai bulldozer in *reverse*. Ek het uit ge-*reverse*. Ek was... Ek het so geskrik. Inteendeel was my voet op die briek gewees. En ek het eers na 'n paar sekondes agtergekom maar ek moet die briek los voordat die ding kan *reverse*, jy weet. Ek was 'n bietjie ge-disorienteerd gewees.

**V:** Ja, ek kan dink.

**A:** En ek het uit ge-*reverse.* Ek het tot daar bo by die *caboose* uit ge-*reverse* en vir myself 'n lekker koppie tee gemaak. Hoekom weet ek nie, ek het 'n koppie tee gemaak, want daar is nie iets anderste om te drink nie. En tee gedrink. En toe ek nou 'n bietjie gekalmeer het toe sê ek... Kom Kitch nou daar aan. Kitch was een van die drywers. Kom kyk hulle nou of ek *oraait* is. Want hulle het nou orals rond en bont gewerk, jy weet. En hulle hoor net hierdie helse slag. En toe sê ek nou maar vir daai ouens ek is nou maar klaar met daai *ramp*. Nooit ooit sal daar weer 'n ramp ge-*doze* word nie. En tot vandag toe is daar nooit weer 'n *ramp* ge-*doze* nie. En dis die probleem nou by Neumayer. By Neumayer is alles, Neumayer is baie laag, en dis... Maar die probleem is daar is baie pakys weer wat in daai gedeelte vassit. Dis min wat hy oop is tot by die wal. En, ja nee. Die baai ys is net so gevaarlik om af te laai. Maar ek voel as jou skip nie eers die ys kan breek nie, dan sal 'n voertuig ook nie die ys breek nie. En jy kan 'n 25 ton kan jy op 'n meter dik ys aflaai, dit is nie 'n

probleem nie. Jy moet net seker maak dat die hoeveelheid pakys wat daar is nie gou sal opbreek nie. En dan is dit veilig om af te laai. En ek is eerder, ek sal eerder op die baai ys voordat ek enigsins weer in die *ramp* sal werk, ja nee, verseker. Skuus, laat ek net vir jou vertel. Die eerste keer wat daai ding gebreek het was die skip twee meter, ag twee kilos in die see omtrent in gewees. En hy het 'n swel gemaak, twee swelle met daai slag wat hy in gegaan het, dat die skip het letterlik so gemaak, dat mense was besig om te eet. En toe hulle dit voel, want die see is spieëlglad, daar is nie 'n beweging nie. Toe hulle dit nou voel, wat de hel gaan nou aan, jy weet. Toe met al die radios en mense wat radios dra en so aan het hulle gesê "Die *ramp* het geval, die *ramp* het geval." En almal dink mense is in die see. En mense jaag met Challengers van E-basis af om te kom kyk wat het gebeur en... Ja, dit was nogal 'n storie en 'n half gewees, hoor.

**V:** Dis veilig om te sê die omgewing en Antarktika is nie jou maat nie?

**A:** Nee. Kyk, die... Wat ek sal sê is dat... Ek sê altyd, as jy nie respek vir God het nie, moet jy nie Antarktika toe kom nie. Want so mooi soos wat die omgewing hier is, so wreed is die omgewing. So hy... Ek is met Pierre Venter se dood was ek daar gewees. Ek was met Dewald se dood daar gewees. En ons, net voordat ons gekom het toe was dit Jamneck. Dit is... En dit is regtig... Ek respekteer die weer ten alle opsigte. Ek sien dit is van so 'n aard, dan sorg ek dat ek... Ek het altyd ekstra handskoene en *balaklava* en ek het altyd ekstra goedjies, want indien ek sou in 'n situasie kom wat ek kyk of ek kan oorleef, jy weet so... Ja nee. Dit is in die tydperk wat ons begin het tot en met nou wat *global warming* aanbetref, is daar groot veranderings. Die ysberge breek. Die ys breek met groot stukke af. Dit is totaal onstabiel by die bhuktas en goeters en jy kom dit letterlik agter. Ek was in *E-base* gewees wat die bietjie gereën het, jy weet. So...

**V:** Wow. Sjoe.

**A:** Ja, dit reën.

**V:** Dis verskriklik.

**A:** Want dit is veronderstel om te sneeu, maar dan sneeu dit nie, want dit nou is te warm.

**V:** Dis nie veronderstel om te reën op Antarktika nie.

**A:** So, ja wat dit aanbetref, baie, baie, jy sien 'n groot verskil die hele tydperk. Elke jaar na jaar.

**V:** Hoe sou mens Antarktika beskryf?

**A:** Hoe sal jy dit beskryf?

**V:** Ja, hoe beskryf jy Antarktika?

**A:** Antarktika sal ek beskryf as die mees ongerepte natuur, beeldskoon, dit is eintlik soos 'n mooi vrou, dit is...... jy die swaarkry en jy onthou net die mooi van die plek. Dit is letterlik so. Jy sal dit sien.

Dit is ‘n edel plek.

**A:** Ja, Ongelooflik. Ek dink natuurlik dat die mens moet in die eerste plek nie hier moet wees nie, want ons is besig om die plek 'n onreg aan te doen. Ek sal sê geen mens moet eintlik... Mens moet die plek so los nes die natuur. En glad nie bydrywighede hier hê nie. Maar as gevolg van minerale, die groot lande soos Amerika en Rusland wat dit 'n tyd-faktor is. Want die een is bang die ander een kom...

Ja. Antarktika is ‘n edel, skoon plek. Al vuilheid wat daar kom is wat die mens daar bring. En dis 'n

manjefieke plek, dis manjefiek. Dis hoekom ek jaar na jaar teruggaan

**A:** Ja. Dis hoekom ek ook hier is. Dit is maar net... Dit is harde werk, maar hier is tog iets wat jou... Asof hy jou bly terug roep, jy weet. so... Maar ten spyte die harde werk, vergeet jy die swaarkry en onthou jy die mooi van die plek. Dit is letterlik so. Jy moet dit sien.

**V:** Baie dankie.

**A:** Dis goed.